

# ELEKTRONIESE DATA WISSELAAR (EDI)

## Wat is dit?

EDI, of elektroniese data wisselaar, is hoofsaaklik 'n "papierlose" handelstelsel. Dit behels die elektroniese oordrag van data, deur vasgestelde boodskapstandarde, van een rekenaar toepassing na 'n ander.

Groeë in wêreldhandel beteken dat besighede toenemend beter maniere ontwikkel om die beweging van rou materiale, voorraad en voltooide goedere te bestuur. EDI organiseer die vloei van inligting van een punt van die leweringsketting na die ander.

Die voordele van die gebruik van EDI:

- Dit is 'n ten volle geautomatiseerde proses wat min of geen ingryping deur enige party nodig het nie
- Verklarings kan enige tyd van die dag of nag aanvaar word
- Vinniger terugkry van vrag deur die vermindering van klaringsstye
- 'n Vermindering in per hand administratiewe prosesse, wat minder foute en geen duplisering tot gevolg het
- Geharmoniseerde sake-verhoudinge met ander liggeme soos Transnet-haweterminale, Transnet-spoorterminal, lugrederye en laakis-depots.

Ingevolge [regeringskenniggewing R814](#), gedateer 31 Julie 2009, is dit SARS se wetlike mandaat om die gebruik van EDI af te dwing vir die indiening van bepaalde vrag- en goedere-verklarings en verslae.

Enige vervoerder(s) of operateur(s), bv. depot, laakisterminaal of kaai-operateur, moet, vir die doeleindes van indiening, ontvangs en prosessering van vragverslae, op die manifesprosesseringstelsel (MPR) [voorheen die manifesontheffingstelsel (MAS) genoem] by SARS registreer indien hy/sy:

- Goedere of reisigers in of uit Suid-Afrika vervoer aanboord 'n vaartuig, vliegtuig, spoorwa of voertuig; of
- Enige goedere laai aanboord 'n vaartuig, vliegtuig, spoorwa of voertuig wat nie in vrye sirkulasie op enige plek in Suid-Afrika is nie en dan sodanige goedere na 'n ander plek in Suid-Afrika of deur Suid-Afrika vervoer. Suid-Afrikaanse vervoerders wat goedere in pakhuis verwyder, moet eers lisensieer by Doeane ingevolge artikel 64D (verwys na SC-TR-01-05).

Buitelandse vervoerders moet 'n geregistreerde agent in Suid-Afrika as sy/haar verteenwoordiger aanstel. Die buitelandse vervoerder moet 'n aanstellingsbrief indien en 'n DA185D tesame met sy/haar aansoek om registrasie.

'n Persoon wat 'n laakisterminaal bestuur of bedryf moet eers 'n lisensie bekom by die Nasionale Hawe Owerheid (TRANSNET). Sodra 'n lisensie aan sodanige persoon uitgereik is, moet hy/sy by Doeane registreer as 'n vragverslaggewer vir die indiening van verslae met betrekking tot:

- Die laai van laakiste op skepe en die aflaai van laakiste van skepe;
- Die oorlaai van laakiste;
- Die stoor van laakiste;
- Die opstapel en afstapel van laakiste;
- Die ontvangs van besending en die aflewering van laakiste;
- Die oordrag van laakiste binne die terminaal; en
- Die oordrag van laakiste tussen terminale, indien versoek, insluitend laakis- of vragoordragte vir doeane-inspeksiedoeleindes.

Alle geregistreerde invoerders en uitvoerders, geregistreerde agente of gelisensieerde doeane-klaringsagente, moet ook as 'n EDI-gebruiker registreer vir die doeleindes van elektroniese indiening van klaringsverklarings by doeane, tensy hy/sy minder as tien verklarings per kalendermaand indien, wat nie tien lyne oorskry nie.

Breedvoerige besonderhede oor doeane se EDI-databeskrywing kan in die [SARS EDI-handleiding](#) gevind word. Die SARS Elektroniese Data Wisselaar (EDI) handleiding is opgedateer met die nuutste weergawes van die UN/Edifact data-ontwerpriglyne, asook verbeterde diagramme wat die funksionele samestelling van die verskeie elektroniese doeane-boodskappe verduidelik, verwys na die [opdateerde EDI-handleiding](#).

Vir 'n outomatisering van voorlopige betalings van doeane-invoerverklarings en aktivering van voorkeurkodes, [klik hier](#).

## Hoe werk EDI-registrasie?

Dit is SARS se wetlike mandaat om elektroniese kommunikasie af te dwing. Die volgende kliëntsoorte word vereis om ingevolge artikel 101A as EDI-gebruiker te regstreer om verslae en verklarings elektronies by Doeane in te dien.

Die volgende kliëntsoorte word vereis om by Doeane te regstreer om verslae elektronies deur die Manifes Prosesseringsstelsel (MPR) te kan indien:

- Lughawe-owerhede;
- Vervoerders;
- Koeriers;
- Operateurs van: sameladings, laaikisterminale, kaaie, laaijis- en ontbinding-depots, transitoloedse;
- Spoorowerhede; en
- Padvervoerders.

Die volgende kliëntsoorte word vereis om by Doeane te regstreer om verklarings elektronies by Doeane in te dien:

- Invoerders/uitvoerders; en
- Geakkrediteerde en nie-geakkrediteerde agente.

Indien jy vir die eerste keer vir EDI aansoek doen of indien jy 'n bestaande EDI kliënt is wat per internet data wil oordra, lees die volgende dokument: [PKI application procedure - Client](#).

## Watter vorms word vereis om as EDI-gebruiker te regstreer?

Voordat jy enige vorms voltooi, moet jy 'n diensverskaffer kontak om die nodige sagteware te kry. Sodra dit voltooi is, moet die volgende aansoekvorms voltooi word.

- [DA185 - Application form: Registration/Licensing of Customs and Excise Clients](#)
- [DA 185.4A6 - Registration Type 4A6 - Electronic Communication with SARS](#)
- [EDI User Agreement](#)

EDI-aansoekers wat 'n internet-stuuradres gebruik, moet by die naaste doeane-kantoor of by SARS Hoofkantoor aanmeld met hul ID-boek, aansoekvorms en toepaslike stawende dokumente, by:

Die EDI-Besigheidsadministrateur  
Walker Creek Kantoorpark  
Florence Ribeirostraat 90 (h/v Florence Ribeiro en Totiusstraat)  
Nieuw Muckleneuk  
Pretoria 0181

Tel. nommer: 012 422 6981/5087  
E-posadres: [EDI\\_Administrator@sars.gov.za](mailto:EDI_Administrator@sars.gov.za)

Kliënte wat die X. 400 stuuradres gebruik kan hul aansoekvorms en toepaslike stawende dokumente direk aan die EDI-administrateur stuur by die bogenoemde adres.

## Omkeertyd

Die omkeertyd vir EDI-registrasies is ongeveer sewe (7) werksdae.